

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Woorddiens

Tema: “Na wie toe sal ons gaan?” Oor geloofsverwagtinge en teleurstellings.

Skriflesing: Johannes 6:60-71 (1953)

⁶⁰ EN baie van sy dissipels het gesê toe hulle dit hoor:

Hierdie woord is hard, wie kan daarna luister?

⁶¹ En Jesus het in Homself geweet dat sy dissipels hieroor murmureer, en Hy sê vir hulle: Is dit julle tot 'n aanstoot?

⁶² Hoe dan as julle die Seun van die mens daarheen sien opvaar waar Hy tevore was?

⁶³ Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe.

⁶⁴ Maar daar is sommige van julle wat nie glo nie. Want Jesus het van die begin af geweet wie hulle was wat nie glo nie, en wie hy was wat Hom sou verrai.

⁶⁵ En Hy sê: Om hierdie rede het Ek vir julle gesê dat niemand na My toe kan kom as dit hom nie deur my Vader gegee is nie.

⁶⁶ Hieroor het baie van sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie.

⁶⁷ Toe sê Jesus vir die twaalf: Wil julle nie ook weggaan nie?

⁶⁸ En Simon Petrus antwoord Hom: Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde van die ewige lewe.

⁶⁹ En ons het geglo en erken dat U die Christus is, die Seun van die lewende God.

⁷⁰ Jesus antwoord hulle: Het Ek nie julle twaalf uitverkies nie? En een van julle is 'n duiwel!

⁷¹ En Hy het bedoel Judas Iskariot, die seun van Simon; want hy sou Hom verrai, hy wat een van die twaalf was.

Broodjies vir die pad

The Power of the Dog

There is sorrow enough in the natural way
From men and women to fill our day;
And when we are certain of sorrow in store,
Why do we always arrange for more?
Brothers and Sisters, I bid you beware
Of giving your heart to a dog to tear.

Buy a pup and your money will buy
Love unflinching that cannot lie--
Perfect passion and worship fed

By a kick in the ribs or a pat on the head.

Nevertheless it is hardly fair

To risk your heart for a dog to tear.

When the fourteen years which Nature permits

Are closing in asthma, or tumour, or fits,

And the vet's unspoken prescription runs

To lethal chambers or loaded guns,

Then you will find--it's your own affair--

But ... you've given your heart to a dog to tear.

Rudyard Kipling



‘Wat nommerplate en stereotipes jou nie leer nie’

Loftus Marais

Verlede week het ek my nuwe motor gevat vir sy heel eerste diens. My Polo is 'n jaar gelede voor my huis in Parkhurst gesteel. Ek, 'n Kapenaar wat nou amper drie jaar in Johannesburg woon, sien die diefstaldrama as my inisiasie in Gautengdom. Ek het daarna 'n motor met 'n GP-nommerplaat gekry. Ek mis my CJ-ene. Maar nou ja, daar is iets, wel, vars en fris aan die blou-op-wit kentekens van die goudprovinsie.

Om jou kar vroegoggend in te vat vir 'n diens is 'n bevredigende ervaring. Jy voel jy kry iets gedóen. Dit konfronteer jou ook met die ongewone. Die motorhandelaars gaan laai mense wat hul karre ingebring het af by hul werk in 'n groot luukse bussie. 'n Vreemde groep so saamgegooi. Ek klim in. Almal is stil in die bussie. Sit en kyk na die verkeer.

Ek kyk egter na die mense langs my. En wonder altyd of ek te stereotipies oor Gautengers dink. Die dame met die pers strook in haar hare en die bonkige klatergoudjuwele – is daar iets ég Oos-Rands daaraan? Die black diamond met die Hoëveldson op haar enorme Prada-sonbril – lyk sy anders, praat sy anders as 'n Kaapse black diamond? Die grys Engelse omie met die hangende keelvelle, die konserwatiewe baadjie en die suur onderlip – is daar iets Parktownish aan hom? Lyk hy anders as 'n Cavendish-omie? Waar werk hy, waar gaan hy afgelaai word?

'n Mens moenie aannames maak nie, weet ek. En tog, wanneer 'n minibus-taxi voor ons inswaai en skielik stop, verskerp die atmosfeer in ons stigtelike bussie skielik – 'n geïrriteerde sug hier, 'n kopskud daar, 'n “oh bloody hell” van die omie.

Die taxi is die maklike fokus van ons sosiale frustrasie. 'n Sondebok op vier wiele. Ons neem aan almal dink dieselfde oor die “wetteloosheid” van die taxi. Die taxibestuurder is mos natuurlik 'n soort skurk. Ons dink nie aan die groter maatskaplike orde wat hierdie soort vervoer veroorsaak nie.

Motorbestuur is vol aannames. 'n Ou in 'n elektriesgeel Picanto is X. 'n Tannie met 'n pienk teddiebeer wat aan haar truspieël hang, is Y. Maklike aannames is eintlik ook die ding wat ek, onregverdig soos dit is, van Kaapse nommerplate mis: Die ontsyfering van die bestuurder se identiteit. CAM, CFG, CZ... "Hy is van Beaufort-Wes, ek weet daarom iets van hom," dink mens. Byvoorbeeld, ek het familieledede wat "uit ervaring" vas glo Wellingtoners kan nie goed bestuur nie en ry net te stadig. Wanneer hulle 'n CN-kar voor hulle sien, sug hulle diep. "Ag vader, Wellington. C'mon, move it!"

In Gauteng is jou verhouding met mede-bestuurders veel meer abstrak. DC 39 JX GP kan van enige plek af wees. Strate en strate vol dorplose mense. Maar dit hou darem vooroordeel op 'n effense afstand.

In elk geval, ek is toe met die bussie by my werk afgelaai. En later dan die oproep van die handelaar, wat mens senuweeagtig antwoord, wat my inlig hoeveel die diens my gaan kos. Daardie laatmiddag gaan laai 'n vriend my af om my motor te kry. Die ontvangsdame is die ene oorronding. Nie net die "dôrso is die rekening, meneer" nie, maar ook geset in die stoel agter haar deurmekaar papierwerk. 'n Valse, saaklike glimlag op haar gesig – dalk iets wat mens meer teëkom in rowwer stede? Of dalk iets meer spesifiek? 'n Randburgse bedroglaggie? Kan daar so iets bestaan?

Maar ek is toe ek wegry in my varsgedienste kar op 'n ongewone manier berispe oor my alewige aannames. My motor se radio – wat ek gewoonlik op 'n ander stasie hou – is toe op Classic FM gestel. Ja, 102.7. 'n Stasie wat ek nooit luister nie. Iemand by die handelaar moes dit geluister het. Wie? En hoe? En hoekom is dit vir my 'n verrassing? Hoekom wil ek glimlag by die gedagte aan 'n karwasser wat Bartok kliphard bó die stofsuiergesuig luister? Of 'n werktuigkundige wat onder die enjinkap sy skouers beweeg op die maat van Haydn so uit my kar se oop deure?

En hoekom voel my kar effe vreemd vir my? So asof iemand anders, 'n vreemdeling, intiem met my arme Suzuki Swift verkeer het? Asof my motor "ontrou" was? Met iemand absoluut onkenbaar.

Ek giggel vir dié gedagtes, maar knik my kop ook instemmend. Ander mense bly 'n geheimenis. Hier en in die Kaap. 'n Kode wat mens net in sekere omstandighede kan ontsyfer. En dan ook maar met fyngevoeligheid, of eerder versigtigheid.

DC JX 39 GP.

CJ 43615.

Ensovoorts.

<http://www.netwerk24.com/stemme/menings/2015-08-19-loftus-marais-wat-nommerplate-en-stereotipes-jou-ni-leer-nie>

Brood vir die pad

Boeke wat die werklikheid kan verander

Hennie van Coller

Skrywers van letterkundige werke hoor dikwels die onregverdigte verwyte dat hulle hulle besig hou met

verbeeldingsvlugte wat met die werklikheid min te make het. Wat nog te sê dit kan verander!

Elke ervaring verander 'n mens; veral die lees van letterkunde.

'n Bekende uitgewer het op 'n keer gesê dat Die swerfjare van Poppie Nongena deur Elsa Joubert duisende Afrikaners se oë vir die eerste keer werklik geopen het vir die onreg van apartheid – beter waarskynlik as honderde toesprake.

'n Ruk terug het Simon Bruinders met studente gesels oor sy boek, Die sideboard, wat in 'n hoë mate gebaseer is op sy eie ervaringe. Die boek vertel die lewensloop van Abraham de Bruin, 'n man wat soos sy bybelse naamgenoot naby God geloop het.

Maar anders as wat sy mooi Afrikaanse van 'n mens laat vermoed, was Abraham 'n bruin man. G'n stuk anders as sy mede-Afrikaners van die jare dertig van die vorige eeu nie: hardwerkend en godsdienstig; arm, maar ook idealisties.

Groot drome het hy nie gekoester nie; net maar bly hoop op 'n stukkie grond van sy eie waar hy in die aarde kon wroet en patats en boontjies kon sien groei. En saam met sy geliefde, Stella, en sy kinders die vrug van sy arbeid kon geniet.

Die reismotief staan sentraal in hierdie roman. Abraham se lewe ontvou eintlik tussen twee reise: saam met die Kleurlingsoldate na Abessinië in Noord-Afrika om te veg teen die Duitsers van Rommel en die latere reis in 'n "straight jacket" Kaap toe.

Die eerste reis as 'n jongetroude man vol hoop, want Slim Jannie Smuts het mos die Kleurlingsoldate hulle eie stukkie grond beloof nadat Hitler oorwin is.

Die tweede reis is as 'n man wie se gees geknak het weens al die teleurstellings en teenslae wat hy moes ervaar. Asof God hom, soos vir Job, bly teister en toets.

Abraham se "fout" was dat hy nie wit was nie; 'n doodsonde in die jare van apartheid. Daarom verloor hy keer op keer sy grond en word hy en sy gesin deur gedwonge verhuising ontwortel én ontmenslik.

En intiem hiermee verknop, is die sideboard: Abraham se liefdesgeskenk aan sy vrou; die huisaltaar waarby boeke gevat word.

Abraham (én Simon) se storie is maar net een van duisende van hulle wat mensonterend deur taalgenote behandel is.

Dit ruk jou tot stilstand en laat jou besef dat ekskuus-sê maar net 'n pleistertjie op diep wonde is.

Ná die lees van dié roman sal jy nooit ooit weer sê boeke-skrif is 'n nuttelose tydverdryf nie.

<http://www.netwerk24.com/stemme/menings/2015-08-17-hennie-van-coller-boeke-wat-die-werklikheid-kan-verander>